

Maandag 20 September

Skrifgedeelte: Filemon 4-25	Fokusgedeelte Filemon 17-19
-----------------------------	-----------------------------

Ontvang mekaar in die liefde van Christus

In hierdie besonderse brief van Paulus aan Filemon skryf hy namens Onesimus wat gedros het of eerder weggeloop het van Filemon. Hier is 'n paar sake wat ons as agtergrond moet verstaan. Onesimus was 'n slaaf van Filemon in die tyd van Paulus, ongeveer 50 jaar nC. In daardie tyd was 'n slaaf 'n besitting en die eienaar van so slaaf het lewenslange gebruiksreg gehad. Dit het beteken dat Onesimus 'n stuk eiendom was wat in daardie tyd met die dood gestraf kon word.

In hierdie geval is dit presies wat gebeur het. Onesimos het weggehardloop en deur die voorsienigheid van God opgeëindig by Paulus wat natuurlik die evangelie aan hom verkondig het. Ons kan aflei dat hy tot bekering gekom het deur die krag van die Woordverkondiging, want Paulus verwys na Onesimus nou nie meer as 'n slaaf nie, maar as 'n broer. Filemon het dus volle reg gehad om hom te straf met die dood, maar Paulus pleit by Filemon om Onesimus te ontvang as 'n broeder in die geloof. So iets was totaal en al ongehoord in daardie tyd.

Tog gryp hierdie pleidooi ons ook aan en word ons herinner aan die verskriklike belangrikheid van die evangelie wat verkondig moet word aan alle nasies die wêreld oor. Hierdie mense van alle tale, rasse en volke wat deur die krag van God tot bekering en natuurlik as nuwe mense in Christus is, is deel van God se liggaam.

Dit maak juis elke kind van ons Here Jesus Christus ons eie broers en susters in die liggaam van Christus. Deel van sy kerk. Ons hoor tog elke Sondag die mooi woorde van ons ongetwyfelde geloof. "Ek glo in die gemeenskap van die heiliges." Dis reg ja, elke medegelowige wat Jesus as Verlosser ken en bely, is ons eie broers en susters. Ontvang mekaar daarom ook in die liefde van Christus.

Sing: Skrifberyming 8-1:1

Ds. MJ Lourens (Matthys) (Nelspruit/Barberton)